Lexikos 35(2)

# Lexikos 35(2)

*Hoofredakteur / Editor-in-Chief*

André H. du Plessis

*Mederedakteurs / Associate Editors*

Dion Nkomo

Elsabé Taljard

Michele van der Merwe

Sonja Bosch (Duits/German)

Steve Ndinga-Koumba-Binza (Frans/French)

*Resensieredakteur / Review Editor*

Dané Claassen

AFRILEX African Association for Lexicography

AFRILEX-REEKS 35A:2025
AFRILEX SERIES 35A:2025

BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

Uitgewer Publisher

BURO VAN DIE WAT
Posbus 245
7599 STELLENBOSCH

Kopiereg © 2025 deur die uitgewer
Alle regte streng voorbehou
Eerste uitgawe 2025

Tipografie en uitleg deur Maryna Adshade, Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen
Bandontwerp deur Piet Grobler
Geset in 10 op 12 pt Palatino

ISBN 978-0-6398803-0-3
ISSN 2224-0039

Hierdie werk is gelisensieer ingevolge 'n Creative Commons License CC BY 4.0-lisensie.

Licenced under Creative Commons License CC BY 4.0.

Menings wat in artikels en resensies uitgespreek word, is nie noodwendig dié van AFRILEX of die Buro van die WAT nie.
Opinions expressed in the articles and reviews are not necessarily those of AFRILEX or of the Bureau of the WAT.

*Lexikos* is elektronies beskikbaar by http://lexikos.journals.ac.za/
*Lexikos* is available online at http://lexikos.journals.ac.za/

*Lexikos* is elektronies beskikbaar by Sabinet, AJOL, Ebsco en Proquest
*Lexikos* is available online from Sabinet, AJOL, Ebsco and Proquest

Indekse Indexes
Arts and Humanities Citation Index® (Clarivate); Asian Digital Library; Current Contents®/Arts & Humanities (Clarivate); Current Contents®/Social and Behavioral Sciences (Clarivate); ERIH Plus; EuroPub Index; Index Copernicus Journals Master List; Journal Citation Reports/Social Sciences Edition (Clarivate); Linguistic Bibliography Online (Brill); Linguistics Abstracts Online; Linguistics and Language Behavior Abstracts; MLA International Bibliography; R.R.K. Hartmann's Bibliography of Lexicography; SciELO SA; Scopus (Elsevier); Social Sciences Citation Index® (Clarivate); Social Scisearch® (Clarivate)

## Adviesraad / Advisory Board

Prof. H.L. Beyer (Namibië/Namibia)
Prof. G.-M. de Schryver (België/Belgium)
Prof. M.J. Domínguez Vázquez (Spanje/Spain)
Prof. P.A. Fuertes-Olivera (Spanje/Spain)
Prof. R.H. Gouws (RSA)
Prof. R. Lew (Pole/Poland)
Prof. T. Margalitadze (Georgië/Georgia)
Prof. P.A. Mavoungou (Gaboen/Gabon)
Prof. D.J. Prinsloo (RSA)
Prof. S. Tarp (Denemarke/Denmark)
Prof. H. Xu (China)

## Redaksiekomitee / Editorial Committee

Prof. N. Bosman (RSA)
Dr. E.M. Ella (Gaboen/Gabon)
Prof. Y. Gao (China)
Prof. L. Khumalo (RSA)
Dr. P.A. Louw (RSA)
Dr. L. Mbindi Aninga (Gaboen/Gabon)
Dr. L. Morris (RSA)
Prof. E. Ndlovu (Zimbabwe)
Dr. G. Odendaal (RSA)
Dr. R.N. Ossai (Nigerië/Nigeria)
Dr. A. Ostroški Anić (Kroasië/Croatia)
Prof. T.J. Otlogetswe (Botswana)
Prof. A.N. Otto (RSA)
Dr. S. Wolfer (Duitsland/Germany)

# Inhoud / Contents

Voorwoord ix
Foreword xii
*André H. du Plessis*

'n Woord van AFRILEX xv
A Few Words from AFRILEX xvi
*Langa Khumalo*

Redaksionele doelstellings xvii
Editorial Objectives xviii

**Artikels / Articles**

Die gebruik van kleur in aanlyn woordeboeke, met oorweging van drie Afrikaanse woordeboeke 1
*Maryna Adshade*

Thematic Classification in Polish Electronic Dictionaries — From Tradition to New Tools and Opportunities 302
drie Afrikaanse woordeboeke
*Barbara Batko-Tokarz*

Generative Artificial Intelligence (GenAI) as Information Tool for Lexicographic Information Needs 276
*Theo J.D. Bothma and Rufus H. Gouws*

Gender Bias in Computer-generated Thesauri: The Case of the Serbian Section of *Kontekst.io*, a Thesaurus of Synonyms and Semantically Related Terms 26
*Dragana Čarapić and Milica Vuković-Stamatović*

Out-of-the-Box GPTs for Lexicography 362
*Gilles-Maurice de Schryver*

Customised GPTs for Lexicography 397
*Gilles-Maurice de Schryver*

'n Omvattender aanbod van semantiese data in aanlyn woordeboeke 46
*Rufus H. Gouws*

Lexicographic Description of a Polysemous Word in a Learner's Dictionary Based on Its Lexical Prototype 75
*Anton Karasev*

Exemplification of Sensitive Words for People with Disabilities in Monolingual English Learner's Dictionaries 94
*Meimei Li*

Lexicography in Action: The Traversal from Coinage and Iconicity to Iconisation 117
*Dorra Moalla Masmoudi*

Reconceptualising Contemporary Lexicography: Emotional Intelligence and the Sustainable Lexicographic Modelling of the Modal Verb *moći* 143
*Milena Mrdak-Mićović and Nataša Jovović*

Aktuelle AusspracheWörterbücher des Deutschen und des Englischen im Vergleich 232
*Krzysztof Nycz und Zygmunt Tęcza*

Spelling Variations in *A Dictionary of Setswana Personal Names* 324
*Thapelo J. Otlogetswe and Goabilwe Ramaeba*

Making Dictionary Content Accessible for People with Visual Impairments 165
*Geraint Paul Rees*

One Name, Two Genres: The Curious Case of Polish Encyclopaedias of Law 185
*Agnieszka Rzepkowska*

**Projekte / Projects**

Where Tools Are Few: Constructing Limited-Word Bilingual Learner's Dictionaries in a Low-Resourced Community in Malawi 256
*Ian David Dicks*

Lexicographic Post-processing and Refinement Issues in Wordnets: The Ukrainian Wordnet Experience 345
*Maksym Vakulenko*

**Leksikonotas / Lexiconotes**

A Systematic Literature Review of Over Three Decades of Dictionary Use Research in *Lexikos* 423
*Balázs Fajt, Mátyás Bánhegyi and Katalin P. Márkus*

Noms de Marques dans la 9e Edition du *Dictionnaire de l'Académie Française* 215
*Jan Holeš et Zuzana Honová*

**Leksikohuldeblyk / Lexicotribute**

Frederik Johannes Lombard 1953 – 2025 296
*Alet Cloete, Phillip Louw* en/and *Gerhard van Wyk*

**Publikasieaankondigings / Publication Announcements** 443

Voorskrifte aan Skrywers 444
Instructions to Authors 445

# Voorwoord

In 1989 het 'n formele leksikografiese gesprek op Stellenbosch tussen die redaksie van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) en 'n aantal gerekende taalkundiges plaasgevind. Hierdie sleutelfigure het besef dat daar 'n groot behoefte aan die uitruil van leksikografiese kennis en ondervinding in Afrika bestaan. Dit het uiteindelik gelei tot die totstandbrenging van *Lexikos*, 'n uitstekende medium en voertuig vir leksikografiese gesprekvoering. *Lexikos* 1, 'n stuk leksikografiese pionierswerk, verskyn in 1991 onder die stuur van wyle mnr. Pieter Harteveld. Vir die eerste keer het Afrika 'n vaktydskrif wat hoofsaaklik op die leksikografie gerig is. Hierdie tydskrif het 35 jaar later kennelik een van die vernaamste internasionale vaktydskrifte vir en oor die leksikografie geword. Die menigte toonaangewende *Lexikos*-bydraes oor die laaste drie en 'n half dekades het 'n blywende en beduidende impak op die leksikografie as vakrigting gehad. Die redaksie, uitgewer (die WAT) en AFRILEX is geweldig trots op die produk wat oor die afgelope 35 jaar uitgegee is. Mag *Lexikos* vir die volgende 35 jaar die leksikografie ter wille wees en mag daar nog vele volumes suksesvol verskyn!

Soos met die publikasie van *Lexikos* 1, het die 35ste volume ook vir uitdagings en moeilike besluite gesorg. Sedert 2022 het die aantal bydraes wat ingelewer is, stelselmatig vermeerder, maar in 2025 het die spreekwoordelike sluise behoorlik oopgetrek. Die redaksie het watergetrap terwyl daar 'n plan geformuleer moes word om al die bydraes te verwerk en te publiseer. Daar is uiteindelik, met verlof van die uitgewer, besluit om vanjaar twee uitgawes te publiseer. Hierdie geweldige toename in bydraes getuig van die reikwydte en aansien van *Lexikos*. Dit is verblydend dat so baie outeurs *Lexikos* as geskikte tuiste vir hul navorsingsuitsette ag. Dit plaas egter ongewone druk op die redaksie, redaksionele steundienste en uitgewer. Die toename in artikels gepaard met *Lexikos* se huidige redaksionele en finansiële model het aanleiding gegee tot sinvolle en nodige gesprekke tussen AFRILEX, die redaksie en die uitgewer oor die volhoubare bestuur van die tydskrif. Die besluit is solank geneem dat *Lexikos* 35 die laaste volume sal wees wat bladgeld slegs van Suid-Afrikaanse outeurs eis. Vanaf 2026 sal die eis van publikasiefooie ("article processing charges") van outeurs buite Suid-Afrika geïmplementeer word. *Lexikos* se missie is wel om steeds te verseker dat kennis gratis met die leksikografiese gemeenskap gedeel word. Derhalwe bly *Lexikos* 'n ooptoegangtydskrif vir alle lesers.

Vanjaar se eerste uitgawe bevat 'n spesiale afdeling wat toegewy is aan die *6th GLOBALEX Workshop on Lexicography and Neology*. Hierdie werkswinkel is met groot sukses by die *28th International Conference of the African Association for Lexicography* aangebied. Sewe uit die elf referate is in artikels omskep en bied interessante en unieke perspektiewe op die skep, gebruik en leksikografiese ontginning van neologismes die wêreld oor. Ons is dankbaar vir die samewerking

met GLOBALEX en waardeer die redaksionele en koördineringswerk wat die gasredakteurs van hierdie afdeling, prof. Annette Klosa-Kückelhaus en mnr. Ilan Kernerman, behartig het.

Die ander bydraes in vanjaar se uitgawes is, soos verwag, verteenwoordigend van die verskeidenheid navorsingmoontlikhede in die leksikografie en terminologie. Daar is insiggewende en waardevolle bydraes oor onder andere terminologiebestuur, kunsmatige intelligensie, aanlyn woordeboeke, die metaleksikografie en inklusiewe leksikografie. Naas ons outeurs uit verskillende dele van Afrika, soos Botswana, Gaboen en Tunisië, is daar stemme uit, onder andere, Australië, China, Litaue, Montenegro, Pole en Spanje. Baie dankie aan elke outeur wat deur middel van hul publikasies in *Lexikos* aan die leksikografiese diskoers deelneem. Die redaksie is ewig dankbaar vir al die outeurs se samewerking en positiewe gesindhede.

Die publisering van *Lexikos* is altyd 'n spanpoging en die span wat 'n aandeel in vanjaar se uitgawes gehad het, is uiters bekwaam. 'n Spesiale woord van dank aan proff. Elsabé Taljard, Dion Nkomo en Michele van der Merwe vir die uitstekende werk wat hulle as mederedakteurs gedoen het, asook vir die waardevolle raad en bystand wat hulle gebied het. Baie dankie ook aan dr. Steve Ndinga-Koumba-Binza en prof. Sonja Bosch vir hulle volgehoue en uiters knap werk as Franse en Duitse redakteurs. Baie dankie aan dr. Dané Claassen vir die uitsonderlike werk met die resensies. Dit is 'n voorreg om op so 'n behendige redaksie te kan staatmaak. Aan mee. Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen van die WAT, wil ek namens die redaksie opreg dankie sê vir hulle toewyding aan die stiptelike en professionele set en afronding van vanjaar se uitgawes, die administratiewe bystand, asook vir hulle bekwaamheid met al die ad hoc-take wat deur die loop van die jaar opgeduik het. So ook bedank ek namens die redaksie ons nuutste spanlid, me. Maryna Adshade. As redaksionele assistent het me. Adshade haar ontsettend goed van haar taak gekwyt en ons is innig dankbaar vir haar bereidwilligheid, flinkheid, toewyding en ondersteuning. 'n Hartlike bedanking ook aan dr. Phillip Louw, Uitvoerende Direkteur van die WAT, vir sy toegemoetkomendheid en toewyding aan *Lexikos*.

*Lexikos* is groot dank verskuldig aan die kranige portuurbeoordelaars wat verseker het dat vanjaar se bydraes die hoë wetenskaplike standaard van hierdie tydskrif handhaaf.

Ons het vanjaar met groot leedwese verneem van die heengaan van dr. Frikkie Lombard, voormalige eindredakteur van die WAT. Dr. Lombard het diep spore in die Suid-Afrikaanse, veral die Afrikaanse leksikografie gelaat. Dr. Lombard het 42 jaar die WAT met onderskeiding gedien, en 25 jaar in die Taalkommissie. Hy het in daardie tyd 'n blywende merk op die Afrikaanse taallandskap gemaak, veral deur die 10 WAT-dele waarby hy betrokke was en die betekenisvolle bydrae wat hy gemaak het om die Afrikaanse spelreëls te help standaardiseer. Dr. Lombard was ook betrokke by leksikografiese aktiwiteite buite die WAT, onder andere, as medewerker aan woordeboeke uitgegee deur OUPSA en gasdosent aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het ook vier *Lexikos*-bydraes gelewer.

Dr. Lombard se toewyding aan die leksikografie, veral die praktyk, sowel as aan Afrikaans, is byna ongeëwenaard en sy heengaan is 'n enorme verlies vir ons vakgebied en vir die Afrikaanse taalkunde. Ons wil graag ons meegevoel aan elkeen van sy geliefdes, vriende, kollegas en medewerkers oordra.

Laastens wil ek graag my opregte waardering aan die AFRILEX-raad, die WAT en my mederedakteurs oordra vir hulle deurlopende vertroue en ondersteuning. Baie dankie ook aan AFRILEX vir die finansiële bystand wat die assosiasie aan *Lexikos* verleen. Ons is ook opreg dankbaar vir die goedgunstige en stewige finansiële bydrae van die Fonds Neerlandistiek.

André H. du Plessis
Hoofredakteur

# Foreword

In 1989, a formal lexicographic discussion took place in Stellenbosch between the editorial staff of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT — Dictionary of the Afrikaans Language) and a group of prominent linguists. These key figures realised that there existed a great need for the exchange of lexicographical information and experience in Africa. This ultimately led to the establishment of *Lexikos,* an excellent medium and vehicle for lexicographic discussion. *Lexikos* 1, a work of lexicographic pioneering, was published in 1991 under the editorship of the late Mr Pieter Harteveld. For the first time, Africa had a journal that was primarily focused on lexicography. This journal has, 35 years later, undoubtedly become one of the most prominent journals for and about lexicography. The multitude of trendsetting *Lexikos* contributions over the last three and a half decades have had a lasting and significant impact on lexicography as a discipline. The editorial board, publisher (the WAT) and AFRILEX are immensely proud of the product that has been published over the past 35 years. May *Lexikos* benefit lexicography for the next 35 years and may many more volumes be successfully published!

As with the publication of *Lexikos* 1, the 35th volume also brought along challenges and tough decisions. Since 2022, the number of contributions submitted has systematically increased, but in 2025 the proverbial floodgates opened. The editorial team treaded water while trying to devise a plan to process and publish all the contributions. It was ultimately decided, with permission from the publisher, to publish two issues this year. This tremendous increase in contributions speaks to the reach and prestige of *Lexikos*. It is gratifying that so many authors consider *Lexikos* to be a suitable venue for their research outputs. However, this places unusual pressure on the editorial team, editorial support services and publisher. The increase in articles coupled with *Lexikos'* current editorial and financial model led to meaningful and necessary discussions between AFRILEX, the editorial team and the publisher about the sustainable management of the journal. The decision has been made that *Lexikos* 35 will be the last volume to charge page fees only to South African authors. From 2026 article processing charges will be implemented for authors outside South Africa. *Lexikos'* mission is to continue to ensure that knowledge is freely shared with the lexicographic community. Therefore, *Lexikos* remains an open access journal for all readers.

This year's first issue contains a special section dedicated to the *6th GLOBALEX Workshop on Lexicography and Neology*. This workshop was presented with great success at the *28th International Conference of the African Association for Lexicography*. Seven of the eleven papers were converted into articles and offer interesting and unique perspectives on the creation, use and lexicographic extraction of neologisms around the world. We are grateful for the collaboration with

GLOBALEX and appreciate the editorial and coordination work carried out by the guest editors of this section, Prof Annette Klosa-Kückelhaus and Mr Ilan Kernerman.

The other contributions in this year's issues are, as expected, representative of the variety of research avenues in lexicography and terminology. There are insightful and valuable contributions on, among others, terminology management, artificial intelligence, online dictionaries, metalexicography and inclusive lexicography. In addition to our authors from different parts of Africa, such as Botswana, Gabon and Tunisia, there are voices from, among others, Australia, China, Lithuania, Montenegro, Poland and Spain. A big thank-you to the authors who participate in the lexicographic discourse via their publications in *Lexikos*. The editorial team is eternally grateful for all the authors' cooperation and positive attitudes.

The publication of *Lexikos* is always a team effort, and the team that had a part in this year's issues is an extremely competent one. A word of thanks to Profs Elsabé Taljard, Dion Nkomo and Michele van der Merwe for the outstanding work delivered as associate editors, as well as for all their valuable guidance and assistance. Many thanks also to Dr Steve Ndinga-Koumba-Binza and Prof Sonja Bosch for their continued and extremely deft work as French and German editors. A sincere thank you to Dr Dané Claassen for the exceptional work with the reviews. It is a privilege to be able to rely on such a highly capable editorial team. On behalf of the editors, I would like to sincerely thank Mss Tanja Harteveld and Hermien van der Westhuizen from the WAT, for their devotion in promptly and professionally typesetting and finalising this year's issues, for their proficiency with the overall production of the journal, their administrative support and for their efficiency with all the ad hoc tasks that popped up during the year. I would also like to thank our newest team member, Ms Maryna Adshade. As editorial assistant, Ms Adshade has done a fantastic job and we are deeply grateful for her willingness, efficiency, dedication and support. A sincere thank you to Dr Phillip Louw, the Executive Director of the WAT, for his cooperativeness and commitment to *Lexikos*.

*Lexikos* is deeply indebted to each adjudicator that assisted with this year's peer review process, ensuring that our exacting scientific standards are maintained.

This year we learnt with heavy hearts about the passing of Dr Frikkie Lombard, former final editor of the WAT. Dr Lombard left a deep mark on the South African, especially Afrikaans, lexicography. Dr Lombard served the WAT with distinction for 42 years, and 25 years on the Taalkommissie (the South African Academy for Science and Arts' Language Commission)**.** During his tenure, he made a lasting mark on the Afrikaans landscape, especially through the 10 WAT volumes on which he worked and the significant contribution he made to helping standardise the spelling rules of Afrikaans. Dr Lombard was also involved in lexicographic activities outside the WAT, among others, as a collaborator on dictionaries published by OUPSA and a guest lecturer at Stellenbosch University.

He also contributed four articles to *Lexikos*. Dr Lombard's dedication to lexicography, especially its practice, as well as to Afrikaans, is almost unparalleled and his passing is an enormous loss for our field and for Afrikaans linguistics. We would like to extend our condolences to each of his loved ones, friends, colleagues and associates.

Finally, I would like to express my sincere appreciation to the AFRILEX board, the WAT and my fellow editors for their continued trust and support. A big thank you to AFRILEX for the financial aid provided to *Lexikos*. We are also sincerely grateful for the kind and substantial financial contribution of the Fonds Neerlandistiek.

André H. du Plessis
Editor-in-Chief

# 'n Woord van AFRILEX

Na aanleiding van 'n goed georganiseerde 29ste kongres van die *African Association of Lexicography* (AFRILEX) wat by die Universiteit van Wes-Kaap gehou is, wens die uittredende AFRILEX-raad die *Lexikos*-span, onder leiding van die hoofredakteur, André du Plessis, en die uitgewer, die Buro van die WAT, geluk met die suksesvolle publikasie van hierdie bundel. Die Raad bly deurgaans bewus van die deeglike werk wat deur die *Lexikos*-redakteurs gedoen word. Hul volhardingsvermoë, stiptheid, noukeurigheid en deskundigheid in die veld sorg dat die hoë standaarde van die tydskrif gehandhaaf word.

Lexikos bly 'n belangrike mondstuk vir die toonaangewende navorsing van AFRILEX-lede, beide in Afrika en globaal. Die kongrestema vir die 29ste AFRILEX-kongres was **"Die rol van kunsmatige intelligensie en digitalisering in die toekoms van leksikografie"**, wat baie interessante aanbiedings ontlok het wat die kruispunt van kunsmatige intelligensie en digitale gereedskap met die leksikografiese praktyk ondersoek het. Dit is 'n tydige en toekomsgerigte kongrestema aangesien kunsmatige intelligensie steeds in heelwat dissiplines oor die akademiese spektrum ontwrig en geleenthede bied.

Dit is ook noemenswaardig dat sommige van die navorsing wat by die 29ste AFRILEX-kongres aangebied is, gefokus het op navorsing wat in talle Suid-Afrikaanse tale gedoen is. Die toenemende aantal samewerkings oor instellings en fokusareas heen is 'n ware weerspieëling van 'n gedeelde doelwit om positief en met trefkrag by te dra tot die bevordering van ons veld. Hierdie inter- en kruisdissiplinêre aard kan slegs die diepte en breedte van die leksikografie as 'n dissipline verbeter. Ek hoop dat daardie interessante aanbiedings in artikels omskep word en in toekomstige volumes van *Lexikos* gepubliseer word.

Ek wil weereens die belangrike rol wat die Buro van die WAT oor die jare as uitgewer van Lexikos vertolk het, herhaal. Die Buro van die WAT bly 'n sleutel- en strategiese vennoot van AFRILEX. Namens die AFRILEX-Raad, en ook die algemene AFRILEX-lede wêreldwyd, wil ek die *Lexikos*-span, die Buro van die WAT en die outeurs wat bygedra het tot hierdie uitgawe, opreg bedank. Dit is nog 'n noemenswaardige bydrae tot die leksikografie as wetenskap.

Langa Khumalo
President: AFRILEX

# A Few Words from AFRILEX

Emerging from a successfully organised 29th African Association of Lexicography (AFRILEX) conference held at the University of the Western Cape, the outgoing AFRILEX Board congratulates the *Lexikos* team, under the stewardship of the Editor-in-Chief, André du Plessis, and the publisher, the Bureau of the WAT, for the successful publication of this volume. The Board remains mindful of the sterling work that is done by the *Lexikos* editors. Their tenacity, stringency, meticulous attention to detail, and expertise in the field has helped maintain the very high standards of the journal.

*Lexikos* remains an important academic mouthpiece of the cutting-edge research that is done by the AFRILEX members both in the continent and globally. The conference theme for the 29th AFRILEX conference was **'The Role of Artificial Intelligence and Digitalisation in the Future of Lexicography'**, which drew very interesting presentations that explored the intersection of artificial intelligence and digital tools with lexicographic praxis. The conference theme was timely and forward-looking, as artificial intelligence continues to disrupt and present opportunities in many disciplines across the academic spectrum.

It is also notable that some of the research presented at the 29th AFRILEX conference focused on research done in numerous South African languages. The increased number of collaborations across institutions and focus areas is a true reflection of a shared goal to contribute positively and impactfully to the advancement of our field. This inter and cross-disciplinarity can only enhance the depth and breadth of lexicography as a discipline. I hope to see those interesting presentations developed into articles and published in future volumes of *Lexikos*.

I want to reiterate the important role that the Bureau of the WAT has played over the years as the publisher of *Lexikos*. The Bureau of the WAT remains a key and strategic partner of AFRILEX. On behalf of the AFRILEX Board, and indeed the general members of AFRILEX world-wide, I sincerely thank the *Lexikos* team, the Bureau of the WAT, and the contributing authors to this *Lexikos* volume. It is another important contribution to the scholarship of lexicography.

Langa Khumalo
President: AFRILEX

# Redaksionele doelstellings

*Lexikos* is 'n tydskrif vir die leksikografiese vakspesialis en word in die AFRILEX-reeks uitgegee. "AFRILEX" is 'n akroniem vir "leksikografie in en vir Afrika". Van die sesde uitgawe af dien *Lexikos* as die amptelike mondstuk van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX), onder meer omdat die Buro van die WAT juis die uitgesproke doel met die uitgee van die AFRILEX-reeks gehad het om die stigting van so 'n leksikografiese vereniging vir Afrika te bevorder.

Die strewe van die AFRILEX-reeks is:

(1) om 'n kommunikasiekanaal vir die nasionale en internasionale leksikografiese gesprek te skep, en in die besonder die leksikografie in Afrika met sy ryk taleverskeidenheid te dien;
(2) om die gesprek tussen leksikograwe onderling en tussen leksikograwe en taalkundiges te stimuleer;
(3) om kontak met plaaslike en buitelandse leksikografiese projekte te bewerkstellig en te bevorder;
(4) om die interdissiplinêre aard van die leksikografie, wat ook terreine soos die taalkunde, algemene taalwetenskap, leksikologie, rekenaarwetenskap, bestuurskunde, e.d. betrek, onder die algemene aandag te bring;
(5) om beter samewerking op alle terreine van die leksikografie moontlik te maak en te koördineer, en
(6) om die doelstellings van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX) te bevorder.

Hierdie strewe van die AFRILEX-reeks sal deur die volgende gedien word:

(1) Bydraes tot die leksikografiese gesprek word in die vaktydskrif *Lexikos* in die AFRILEX-reeks gepubliseer.
(2) Monografiese en ander studies op hierdie terrein verskyn as afsonderlike publikasies in die AFRILEX-reeks.
(3) Slegs bydraes wat streng vakgerig is en wat oor die suiwer leksikografie of die raakvlak tussen die leksikografie en ander verwante terreine handel, sal vir opname in die AFRILEX-reeks kwalifiseer.
(4) Die wetenskaplike standaard van die bydraes sal gewaarborg word deur hulle aan 'n komitee van vakspesialiste van hoë akademiese aansien voor te lê vir anonieme keuring.

*Lexikos* sal jaarliks verskyn, terwyl verdienstelike monografiese studies sporadies en onder hulle eie titels in die AFRILEX-reeks uitgegee sal word.

# Editorial Objectives

*Lexikos* is a journal for the lexicographic specialist and is published in the AFRILEX Series. "AFRILEX" is an acronym for "lexicography in and for Africa". From the sixth issue, *Lexikos* serves as the official mouthpiece of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX), amongst other reasons because the Bureau of the WAT had the express aim of promoting the establishment of such a lexicographic association for Africa with the publication of the AFRILEX Series.

The objectives of the AFRILEX Series are:

(1) to create a vehicle for national and international discussion of lexicography, and in particular to serve lexicography in Africa with its rich variety of languages;
(2) to stimulate discourse between lexicographers as well as between lexicographers and linguists;
(3) to establish and promote contact with local and foreign lexicographic projects;
(4) to focus general attention on the interdisciplinary nature of lexicography, which also involves fields such as linguistics, general linguistics, lexicology, computer science, management, etc.;
(5) to further and coordinate cooperation in all fields of lexicography; and
(6) to promote the aims of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX).

These objectives of the AFRILEX Series will be served by the following:

(1) Contributions to the lexicographic discussion will be published in the specialist journal *Lexikos* in the AFRILEX Series.
(2) Monographic and other studies in this field will appear as separate publications in the AFRILEX Series.
(3) Only subject-related contributions will qualify for publication in the AFRILEX Series. They can deal with pure lexicography or with the intersection between lexicography and other related fields.
(4) Contributions are judged anonymously by a panel of highly-rated experts to guarantee their academic standard.

*Lexikos* will be published annually, but meritorious monographic studies will appear as separate publications in the AFRILEX Series.